LESBEPLANNING
LEERPROGRAM: GELETTEDHEID (HUISTAAL)

GRAAD: 1

TEMA EN INHOUD: BESOEDELING & PLANTE
TYD's DUUR: + - 3 Weke

LU en Ass Standaarde	Leer Aktiwiteite	Hulpmiddels
LU 1: LUISTER 1. Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier 2. Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry. 3. Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip: • luister vir die hoofidee en belangrike besonderhede in die storie • voer dele uit 'n storie, liedjie en rympie op • teken 'n prent van die storie en skryf 'n paar woorde daaroor	Onderwyser stel lyste van kort stories, gediggies en rympies op oor tema. Leerders luister daagliks daarna. Onderwyser vertel daagliks bybelverhale aan leerders.Hulle luister ook na liedjies en memoriseeer psalms. Vrae word ook aan leerders gestel na storie. Leerders luister ook daagliks na stories wat deur die onderwyser voorgelees word of vanaf prente vertel word. - Stories word in die regte volgorde oorvertel . - Onderwyser plaas prente van storie oor tema deurmekaar, leerder meot dit in die regte volgorde sit. - Leerders dramatiseer gedeeltes van die storie en gebruik maskers , kostuums en gesigsuitdrukkings om karakters uit	Prente Muur prente Sinstroke Flitskaarte Naam etikette Skerre Gom Potlode

• beantwoord oop vrae oor die storie 4. Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies 6. Ontwikkel klankbewustheid: • onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde • herken sommige rywoorde in algemene rympies en liedjies • herken meervoude, “e” en “s”, en “ge” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd LU 2: PRAAT 1. Gesels oor eie ervaringe, gevoelens en NUUS 2. Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik 3. Sing, reseteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op 4. Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie 6. Vertel eie ervaringe in volgorde oor 7. Vertel ‘n bekende kort storie wat ‘n begin, mid-del en einde het indien nodig mbv prente 9. Gebruik taal gepas vir verskillende geleent-hede en met verskillende mense • voer ‘n onderhoud met volwasse besoeker aan klas (brandweerman)	beeld. Leerders luister en voer 3 opdragte uit. Gehooroefeninge word daagliks beoefen om klankbewust-heid en ouditiewe geheue te ontwikkel. Leerders vertel van persoonlike ervarings en gebeure op televisie gesien of in die koerant gelees. - Onderwyser moedig leerders aan om ten minste vier sinne oor hul nuus te vertel - Hulle moet ook ten minste een sin oor hul nuus kan skryf. Leerders dramatiseer kort stories Hulle memoriseer en dra gediggies voor .met aksies. Leerders is in staat om drie tot vyf gebeurtenisse in die korrekte volgorde te plaas. Bv. Hoe motors die lug besoedel. 1. .Skakel motor aan. 2. Gas word vrygestel. 3. Dit gaan in die lug op. 4. Ons asem dit in.	Inkleur potlode Kryte Leeskaarte Lees boeke Storie boeke Skryf bord Gleufies bord Skryf boeke Aktiwiteits kaarte Klankkaarte Bandopnemer Kassetspeler Dvd speler Televisie

• rolspeel ‘n relevante situasie (blus ‘n brand) LU 3: LEES EN KYK 1. Gebruik visuale leidrade om betekenis te skep: • gebruik illustrasies om betekenis van stories te interpreter en vertel ‘n storie 3. Skep betekenis uit geskrewe teks: • lees ‘n storie saam met opvoeder en bespreek die hoofidee • identifiseer die besonderhede (bv. Hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond) • se of hy/sy daarvan hou en waarom 4. Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks: a. Lees eenvoudige geskrewe stof b. Lees eie skryfwerke en die van klasmaats c. Gebruik klank en woordherkennnings-vaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekodeer (bv visuele leidrade, soos woord en letter patrone, prenteleidrade, kontekstuele leidrade en letter-klank-verhoudings) 5. Ontwikkel klankbewustheid	Onderwyser stel leidende vrae oor bespreekte storie en leerders moet vrae in vol sinne beantwoord. Leerlinge voer onderhoude met ‘n volwassene, doen rolvertolkings en voer telefoongesprekke uit.(tussen klinieksuster en leerder) Onderwyser gee ‘n kort leesstuk aan leerders wat hulle alleen of saam met die onderwyser kan lees.(oor tema). - Leerders identifiseer dubbel klanke (vokale) m<u>oe</u>nie, papi<u>e</u>re, r<u>oo</u>k ens. - Leerders is in staat om ten minste twee voorbeelde van van beskrywende woorde te gee bv. swart rook skoon/vuil lug ens. - Hulle herken meervoude verlede en teenswoordige tye in die leesstuk. Onderwyser plaas prente van storie teen skryfbord of in gleufies bord. Leerders plaas die regte woorde op ooreenstemmende prente. Leerders kry vyf woorde en drie sinne, hulle moet die regte woorde invul bv. rook seep papiere dam vuil	Video masjien Konkrete hulpmiddels

• Herken en benoem alfabetletters (klanke) • Verstaan die verskil tussen letternaame en- klanke • Verstaan dat letterneme dieselfde bly maar dat die klanke wat dit voorste, kan verander. • Veerdeel eenvoudige woorde enkel be- gin konsonante en kort vokale (KVK patron) in die eerste klank en die 2de deel v/d lettergreep, soos: k–at, m-at, v-at, w-at • Herken 2-letterkombinasies aan die begin van woorde soos gr-oen, bl-om • Herken sommige sigwoorde (hoefrikwensie woorde soos “die”, ‘n, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy/haar eie naam en gedrute teks in die omgewing. 6. Lees vir inligting en genot. LU 4: SKRYF EN PRAAT 1. Skryf toenemend leesbaar • Hanteer skryfinstrumente soos potlode doeltreffend	Tel …… op. Te veel …… maak die lug vuil. Moenie vullis in die ……. water gooi nie. Leerders skommel letters reg om ‘n woord te vorm bv. m d a = dam k o r o = rook ens. Leerders identifiseer begin en eind klanke uit die leesstuk. Onbekende woorde uit leesstuk word op kaarte geskryf en leerders moet dit herken en lees om vlotheid te bevorder. Leerders lees ook voorbereide en onvoorbereide leesstukke, of leeskaarte en sinstroke. Hulle word aangemoedig om te lees vir inligting en genot. ‘Drop all and read’ Onderwyser let op die hantering van skryf instrumente, drukking op bladsy en die korrekte liggaamshouding wanneer daar geskryf word. Leerders skryf tussen die lyne, daar word gelet op die regte	

• Oefen lettervorming en handskrifvaar-dighede,die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde • Vorm letters van die alfabet suksesvol 2. Doen Pre-skryfaktiwiteite • reageer op ‘n prent om eenvoudige sinne te skryf • bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats 3. Skryf vir verskillende doeleindes: • stel lyste saam • skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge • skep eenvoudige tekste vir (verjaar dag kaartjies, of kaartjies gebasseer op tema) • versamel gepaste prente om teks te illustreer. 4. Skryf ‘n konsepweergawe van ‘n skryfstuk en hersien dit • dra idees by tot die skryf van ‘n storie • hersien ‘n konsepweergawe van die storie om dit duideliker en interessanter te maak. 5. Skryf sodat almal kan verstaan: • gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm • Laat ruimtes tussen woorde	lettervorming, vorming van patrone en woord en letter spasiering. Basiese punktuasie en leestekens (hoofletters, vraagtekens en punte) word ook gebruik. Leerders skryf met die konsep, van bo na onder, van links na regs. Leerders moet duidelik en leesbaar skryf sodat ander en ook hy/sy self die handskrif kan lees en verstaan. Leerders skryf hul eie sinne met hulp (sleutel woorde). Leerders identifiseer voorsetsels en voornaamwoorde Bv. in op oor na Gooi papiere…… die vullis kan. Moenie …… mure skryf nie. Leerders skryf drie letter woorde. Leerders verstaan dat letters woorde vorm, en dat woorde sinne vorm,l Kreatiewe skryfwerk word ook aangemoedig. Leerders gebruik ook prente en woorde/sinne.	

• Gebruik links na regs en bo na onder orienteering wanneer leerders skryf LU 5: DINK EN REDENEEER 1. Gebruik taal om konsepte te ontwikkel • toon onwikkelde kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed tyd, ouderdom, volgore 2. Gebruik taal om te dink en te redeneer: • klassifiseer inligting (soos bv. Groepeer verskillende diere) • identifiseer dele van 'n geheel (soos dele van 'n fiets) 3 Gebruik tall om te ondersoek: • stel vrae en soek verduidelikings • bou en voltooi plrent- en woordraaisels LU 6: TAALSTRUKTUUR EN GEBRUIK 1. Bring klanke in verband met letters en woorde • verdeel gesproke woorde in letteergrepe • gebruik klanke om woorde te lees en te spel 2. Werk met woorde: • weet waar geskrewe woord begin en eindig en laat spasies tussen woord	Onderwyser vestig leerders se aandag daarop dat vir elke verkeerde aksie is daar 'n gevolg. As jy vuil/besoedelde water drink kan jy siek raak of self sterwe. As jy vullis rondstrooi, raak dit vuil en vliee word nader gelok. Onderwyser gee 'n leesstuk en leerders kan ook situasies uitken van oorsake en gevolge. Stel ondersoek in oor hoe water gesuiwer word (verskillende maniere) kook water, maak 'n filter,gebruik chemise middles ens. Leerders skryf 'n paar sinne oor tema, hulle moet weet waar om 'n hoofletter te gebruik, by name, begin van sin. Gebruik verlede en teenswoordige tye. Verdeel woorde in lettergrepe klap en se woorde Bv.besoedel = be – soe – del , inasem = in – a – sem Voltooi prent of woordraaisel oor gegewe leesstuk. Onderwyser gee hulp en ondersteuning waar nodig.	

• spel sommige bekende woorde korrek 3. Werk met sinne • Skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp • Gebruik skryfkonvensies: ‘n hoofletter in eiename en aan die begin van ‘n sin en ‘n punt aan die einde van ‘n sin • Gebruik teenswoordige en verlede tyd korrek	Leerders gebruik leestekens vir lees (stop by ‘n punt, laat stemtoon opgaan by ‘n vraagteken en rus by ‘n komma). Leerders gebruik ook stem intonasies hard en sag om gevoel uit te druk. Woordbou toetse word ook aan leerders gegee met bekende klanke en bekende woorde uit leesreeks of uit mondelinge woordeskat. Leerders ken en weet van die begin, middle en einde van ‘n storie.	
BESONDERHEDE VAN ASSESSERING		
LEERPROBLEME		
OORSIG		